

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 3 Junie 2013
Personeelblad van die NWU

**Prof Awie het
medisyne vir
gesondheidsorg**

**Navorsing by die NWU
ken geen grense nie**

INHOUDSOPGAWE

- 2 Blaai deur die web vir statistieke
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons deel ons kundigheid
- 4 So groei navorsing by die NWU
- 6 NWU ondersteun joernalistieke uitnemendheid
- 7 Religie speel 'n rol by die NWU
- 8 Deur Quali belê ons in die toekoms
- 10 Navorsers raak mediamak
- 12 Prof Awie wil "olike" gesondheidsorg verbeter
- 14 Kampusnuus: Mafikeng
- 15 Kampusnuus: Potchefstroom
- 16 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 17 Max du Preez word prof
- 18 NWU-kundiges ken hul storie
- 19 Fokus op ... Akademie vir leiers en bestuurders
- 20 Ons mense
- 21 Mense wat myle stap
- 22 En die wenner is ...
- 23 Regskenners ruil gedagtes uit



Voorblad: Eish! het met prof Awie Kotzé, die dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus gesels. Lees meer oor hom en sy fakulteit op p 12 en 13.

Blaai deur die **web** vir statistieke

Internet Explorer is steeds die gewildste *webleser onder besoekers van die NWU-webwerf, met 'n 61%-voorkeur.

Dit is volgens statistieke verkry van Google Analytics en in teenstelling met internasionale tendense, waar Internet Explorer se aanhangers skerp afgeneem het. Vir NWU-webwerfbesoekers is Firefox die tweedegewildste webleser met 17%, gevolg deur Google se eie webleser, Chrome, met 10%.

Ander interessante statistieke van Google Analytics is die volgende:

- Unieke besoekers van die NWU-webwerf was tussen 15 Maart 2013 en 15 April 2013 meer as 100 000. Besoeke vanaf die drie kampusse is nie gemeet nie. (Unieke besoekers is mense wat vir die eerste keer die webwerf besoek.)
- Die drie Engelse bladsye wat die meeste besoek is (die landingsblad en die drie stede waar die kampusse geleë is, uitgesluit) is:
 - Biblioteek,
 - Vakatures, en
 - Studentelabs.
- Aan die Afrikaanse kant – met dieselfde uitsluitings as bo – is die bladsye met die meeste besoekers:
 - Huidige Studente Potchefstroomkampus,
 - Biblioteek, en
 - Huidige Studente-landingsblad.

Die bladsye waarna toegang deur middel van mobiele apparate verkry word, wys dat NWU-webwerfbesoekers BlackBerry verkies (34%), gevolg deur Apple (25%) en Samsung (22%). Net 4% van die besoekers gebruik Nokia.

* 'n Webleser is die program wat jou rekenaar gebruik om die Internet te "sien". Jy kan jou huidige webleser verander deur 'n ander webleser van jou keuse van die Internet af te laai. Die meeste NWU-rekenaars gebruik Internet Explorer as verstek-webleser.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Met die koue in die lug weet ons dat die eerste semester ten einde snel. Teen die agtergrond



van soveel woelinge in die hoërondewyssektor is ek baie dankbaar dat ons 'n produktiewe en stabiele akademiese jaar beleef.

Die NWU-jaarverslag word tans gefinaliseer en ons berig in die volgende Eish! meer daaroor. Alles dui daarop dat 2012 weereens 'n uitstekende jaar was, met onder meer 'n toename van meer as 25% in die totale navorsings-artikel-ekwivalente en die kans is goed dat ons die 1000-kerf kan oorskry! Dit is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie.

Buiten die gewone rubrieke, reflekteer hierdie uitgawe sterk op ons eksterne betrokkenheid en aanwending van deskundigheid.

Lees gerus meer oor die verdere toerusting van ons navorsers; die impak wat gesoute eksterne kundiges in die vorm van buitengewone pro-

fessore op ons onderrig-leer kan hê; asook ons regskantoor se deelname aan die nasionale Forum van Regspraktisyns. Hierdie aktiwiteite waaroor berig word, onderstreep die feit dat relevansie en impak toenemend belangrik word.

In dieselfde asem is die loodsing van die NWU-Leierskapsakademie 'n verdere mylpaal wat beslis sal meewerk tot ons eie ontwikkeling en verryking, maar veral ook om 'n beduidende rol te speel in leierskaps- en bestuursontwikkeling in Suid-Afrika.

Baie dankie vir almal se nougesette werk en ywer, en sterkte vir die laaste skof van die eerste semester!

Groete

Theuns Eloff

Eish!, ons deel ons kundigheid

Die NWU deel sy kundigheid met gemeenskappe, die land en die wêreld en lewer daardeur 'n bydrae om vraagstukke op te los en die lewenskwaliteit van mense te verbeter.

Hiervan getuig die inhoud van hierdie uitgawe van Eish! beslis.

Lees gerus op p 4 en 5 hoe die navorsing by die NWU die afgelope jare gegroei het. Die waarde van hierdie navorsing lê nie net daarin dat dit die NWU en individuele navorsers se aansien verhoog nie, maar dat dit innoverende oplossings vir uitdagings bied.

Hierdie oplossings is tot voordeel van gemeenskappe, die provinsie, die land en uiteindelik die wêreld, want dit is hoe ver die reikwydte van die NWU se implementering van sy kundigheid strek.

Die artikel op p 7 gaan oor dr Theuns Eloff se deelname aan 'n seminar by Cambridge in die Verenigde Koninkryk – nog 'n voorbeeld van hoe die NWU-gemeenskap wêreldwyd hul kennis deel. Die NWU lewer ook 'n aansienlike bydrae as vennoot van die internasionale Kuali-stigting om sagteware en stelsels vir



hoërondewys-instellings te ontwikkel (artikel op p 8 en 9). Lees in die artikel oor prof Awie Kotzé, die dekaan van Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus, hoe hy en sy fakulteit help om gesondheidsvraagstukke in Suid-Afrika aan te spreek (p 12 en 13).

Op sy beurt vertel prof Ig Vorster van Institusionele Regsdienste op p 23 hoe die NWU se regs-kenners hul kennis via die Forum van Regspraktisyns met ander universiteite se regslui deel.

Daarby is die doelwit van die NWU se nuwe Bestuurs- en Leierskapsakademie (artikel op p 19) juis ook om mense toe te rus met bestuurs- en leierskapsvaardighede. Hierdie verspreiding van kennis is gemik op NWU-personeel én op leiers en bestuurders in die res van die hoërondewys-

sektor en in maatskappye en groepe in die privaat- en openbare sektor.

Soos julle sal sien, is hierdie Eish! propvol ver-hale van hoe NWU-personeel hul kennis en vaardighede implementeer. Ons besef egter dat dit net die ore van die seekoei is.

Ons gee graag erkenning aan almal wat dwarsoor die universiteit toegewyd werk om gestalte te gee aan die missie van die NWU, naamlik om sy kundigheid op innoverende wyse en tot voordeel van ander te implemen-teer.

Lekker lees,

Nelia & Marelize

So groei navorsi

Van die toptien navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika het die NWU se totale navorsingsuitset tussen 2005 en 2011 die tweedemeeste gegroei en by die NWU self het die Mafikengkampus se artikeluitsette tussen 2010 en 2012 die meeste gegroei.

Hierdie is van die resultate van 'n bibliometrieëse ondersoek wat in Augustus 2012 onderneem is om die groei van die totale navorsingsuitsette by die NWU en sy voorgangers tussen 1990 en 2011 te bepaal.

('n Bibliometrieëse ondersoek is 'n statistiese ontleding van wetenskaplike en tegnologiese literatuur.)

Prof Johann Mouton van die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie by die Universiteit van Stellenbosch het die ondersoek in samewerking met die Universiteit van Leiden in Nederland gedoen.

Die verslag gee inligting oor die algemene groei van totale navorsingsuitsette by die NWU as geheel, per kampus en per fakulteit. Daar is ook gekyk na publikasiepatrone, die demografiese besonderhede van navorsers en die internasionale sigbaarheid en impak van NWU-navorsing.

Dit is belangrik om te onthou dat net die navorsingsuitsette in publikasies wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer word, in ag geneem is.

Die uitsette van navorsers wat gepubliseer is in ander publikasies – waarvan talle inderdaad ook van goeie wetenskaplike gehalte is – is dus nie in berekening gebring nie. Navorsingsuitsette in die vorm van patente, boeke en hoofstukke in boeke is ook nie in ag geneem nie.

DIE GROTER PRENTJIE

Die NWU se navorsingsuitsette het sedert 2005 met 125% gegroei. Dit beteken die NWU het, naas die Universiteit van Johannesburg, die tweedemeeste van die 10 topnavorsingsuniversiteite in Suid-Afrika gegroei.

Afhangende van watter navorsings- of kennisuitsette 'n mens in ag neem, lê die NWU nou agste

of negende in die land. Wat doktorsgraaduitsette betref, is die NWU vierde, en wat meestersgraaduitsette betref, vyfde.

KAMPUS VIR KAMPUS

Oor die artikeluitsette van die verskillende kampusse, sê prof Mouton die volgende: "Dit is nie verbasend (gegewe die geskiedenis van die drie kampusse) dat die Potchefstroomkampus die joernaalartikel-uitsette domineer met 'n bydrae van 79% van die totale uitset tussen 2007 en 2011 nie."

Maar, voeg hy by, dit is ook interessant om te sien hoe die Vaaldriehoekkampus en veral die Mafikengkampus dit kon regkry om hul artikeluitsette die afgelope vyf jaar voortdurend te verbeter, terwyl die Potchefstroomkampus se uitsette konstant gebly het.

FEITE OOR FAKULTEITE

Op die Mafikengkampus het die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie byna driekwart van die uitsette gelewer. Op die Potchefstroomkampus is die bydraes van die fakulteite meer eweredig versprei, met die Fakulteit Gesondheidswetenskappe wat voorloop.

Op die Vaaldriehoekkampus het die Fakulteit Geesteswetenskappe by verre die meeste artikels gelewer. Volgens die verslag moet 'n mens egter in ag neem dat hierdie fakulteit 'n groter verskeidenheid departemente bevat as soortgelyke fakulteite by ander universiteite.

Kyk 'n mens na die 15 NWU-fakulteite in totaal, lewer die mens- of geesteswetenskappe sowat 60% van alle navorsingsuitsette.

BYDRAES VAN BUIITE ENTITEITE

Hoewel die meeste navorsingsuitsette in die amptelike navorsingsentiteite van die universiteit gelewer is, was daar ook baie bydraes van navorsers wat nie aan die entiteite verbonde is nie.


Sowat 40% van die navorsingsuitsette wat die afgelope vyf jaar op die Mafikengkampus gelewer is, kan nie aan 'n bestaande navorsingsentiteit gekoppel word nie. Op die Potchefstroomkampus is hierdie persentasie 37% en op die Vaaldriehoekkampus is dit 23%.

Volgens die verslag kan dit beskou word as 'n nuwe navorsingslandskap wat besig is om by die NWU te ontwikkel, of as 'n neiging wat ingryping verg omdat dit nie ooreenstem met die amptelike navorsingsmodel nie.

Hierop is prof Frikkie van Niekerk, Adjunk-Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie, se kommentaar: "Nagraadse studente is nie konsekwent gekoppel aan navorsingsentiteite nie. Dit kan moontlik verklaar waarom die data toon dat (in die geval op die Potchefstroomkampus) 37% van die navorsing buite navorsingsentiteite val.


"Die koppeling met navorsingsentiteite is eers sedert 2011 reggestel in die meerderheid fakul-

Artikeluitsette (breukdeeltellings) per kampus (2007 – 2011)




ng by die NWU

MAFIKENGKAMPUS




- Akademie Ontwikkelingsentrum
- Landbou, Wetenskap en Tegnologie
- Handel en Administrasie
- Opvoedkunde
- Geestes- en Sosiale Wetenskappe
- Regte

POTCHEFSTROOMKAMPUS



- Gesondheidswetenskappe
- Natuurwetenskappe
- Teologie
- Lettere en Wysbegeerte
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Opvoedingswetenskappe
- Regte
- Ingenieurswese

VAALDRIEHOEKKAMPUS



- Geesteswetenskappe
- Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

Die grafika vertoon die navorsingsbydraes per kampus gelewer tussen 2007 en 2011.

teite. Dekane is versoek om aandag hieraan te gee.”

HOE EN WAAR?

In ooreenstemming met wêreldwye neigings het navorsers van Natuurwetenskappe en Ingenieurswese meer as medeskrywers saam met ander navorsers gepubliseer. Navorsers van Teologie en Regte en in 'n mindere mate ook van Lettere en Wysbegeerte en van Opvoedkundige, Sosiale en Geesteswetenskappe het meer individueel gepubliseer.

NWU-navorsers het ook 50% van hul totale uitsette in net 49 van 'n moontlike 784 joernale gepubliseer. Van hierdie 49 joernale is net 16 internasionale joernale of Suid-Afrikaanse joernale wat in internasionale indekse opgeneem is.

Die publikasie waarin die meeste artikels van NWU-navorsers verskyn het, naamlik 127,65 eenhede, is die Suid-Afrikaanse joernaal, *In die Skriflig*.

Volgens prof Mouton se verslag sal NWU-navorsers meer in internasionale joernale moet publiseer as die instelling sy sigbaarheid wêreldwyd wil verhoog.

SO LYK DIÉ WAT PUBLISEER

In die afgelope 21 jaar het die bydraes van vrouenavorsers gestyg van net 17,6% in 1990 tot 29,1% in 2011.

Van die vroue wat die afgelope vyf jaar gepubliseer het, is die meeste van die fakulteite Gesondheidswetenskappe, Regte en Geesteswetenskappe.

Hoewel byna 84% van alle artikels wat tussen 2007 en 2011 gepubliseer is, deur blanke personeel geskryf is, toon die data van 2011 dat byna 27% van alle artikeluitsette by die NWU deur swart, bruin en Indiër-personeellede gelewer is.

Dit is baie na aan die rassamestelling van 72% blanke akademiese personeel, teenoor 28% wat bruin, swart of Indiër is.

Wat ouderdom betref, word die helfte van die uitsette gelewer deur personeel wat ouer as 50 is, en 12% van die uitsette deur personeel wat ouer as 60 is.

DIE MEESTE AANGEHAAL

Volgens die verslag kan die NWU oor die algemeen trots wees op die sigbaarheid van sy

navorsingsuitsette, met ander woorde die mate waarin artikels wêreldwyd aangehaal is. Die sigbaarheid het voortdurend gegroei deur die jare en is sedert 2007/8 bo die wêreldgemiddeld.

Artikels wat die meeste aangehaal is, handel oor astronomie, astrofisika, geo-wetenskappe, farmakologie en farmasie, kliniese en openbare gesondheid (insluitend voeding) en sommige terreine van ingenieurswese.

In hierdie opsig vaar die mens- en sosiale wetenskappe nie goed nie. Dit kan, volgens die verslag, toegeskryf word aan die feit dat hierdie navorsers meestal in Suid-Afrikaanse en nie in internasionale publikasies publiseer nie en dat hulle individueel publiseer in plaas van saam met ander navorsers.

VORENTOE

“Navorsingsondersteuning – asook almal wat by strategiese navorsingsbeplanning op die kampusse betrokke is – sal die verslag bestudeer en die gapings en terreine vir verbetering identifiseer. Daarna sal ons koppe bymekaar sit om te verbeter waar nodig, in pas met ons strewe om 'n gebalanseerde onderrig-leer en navorsingsinstelling te wees,” sê prof Frikkie.

NWU ondersteun joernalistieke uitnemendheid

Die NWU het onlangs vir die vierde agtereenvolgende jaar die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekenning geborg, asook die prys vir die Redakteur van die Jaar.

Hierdie toekennings is op Vrydag 12 April 2013 gemaak tydens die 2012-Nuusmaker van die Jaar-prestigefunksie wat deur die Nasionale Persklub en AON South Africa geborg is.

“Ons ondersteun hierdie inisiatief van die Nasionale Persklub om die joernalistieke standaard hoog te hou,” sê dr Theuns Eloff, die visekanselier.

“Vryheid in die media is een van die boublokke van ’n demokrasie. As die borgskap van hierdie toekennings verder kan help om die kwaliteit van joernalistiek in ons land te verbeter, het dit in sy doel geslaag,” sê hy.

Die algehele wenner van die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekenning was mnr Cornel van Heerden van Foto24, en me Katy Katopodis van Eyewitness News is as die Redakteur van die Jaar aangewys.

Die Nuusmaker van die Jaar 2012-toekenning is aan die Suid-Afrikaanse renosters opgedra, in erkenning van die harde werk van gewone mense, howe, die regering, SANParke en ander bewaringsliggame en wetstoepassingsagentskappe wat renosterstroping probeer stopsit.

Volgens me Antoinette Slabbert, voorsitter van die Nasionale Persklub, is die doel van die jaarlikse toekennings om nuusmakers toeganklik te maak vir lede van die media.

“Om dit reg te kry, sal ons onbevooroordeelde en demokrasie-gedrewe bly en sal ons nooit ons reg om te kommunikeer en te debatteer – vurig indien nodig – prysgee nie, terwyl ons altyd bereid is om ook na die anderkant van die storie te luister.”



Me Bibi Bouwman van die Institusionele Kantoor en haar man, prof Henk Bouwman van die Potchefstroomkampus, woon die 2012-Nuusmaker van die Jaar-glansgeleentheid by. Prof Henk, wat ’n dosent en navorser by Dierkunde is, sê hy is besonder in sy skik dat die tragiese lot van die renosters in Suid-Afrika by dié geleentheid in die kollig was.



Dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU (regs), oorhandig die toekenning aan die algehele wenner van die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekenning, mnr Cornel van Heerden van Foto24.



Van die gaste by die 2012-Nuusmaker van die Jaar-prestigefunksie is prof Thanyani Mariba, die rektor van die Vaaldriehoekkampus, en sy vrou, Mashudu.

Herken jy hierdie kategorie-wenners?

Hier is die kategorie-wenners van die Joernalis van die Jaar-toekennings:

Gedrukte media – nuus:

Poloko Tau – The Star

Gedrukte media – artikels:

Mia Malan – Mail & Guardian

Gedrukte media – fotografie:

Cornel van Heerden – Foto24

Elektroniese media – radionuus:

Gia Nicolaides – Eyewitness News

Elektroniese media – radio-artikels:

Mia Malan en Darren Taylor

Elektroniese media – TV-nuus:

Daniella du Plooy – E-Nuus

Elektroniese media – TV-artikels:

Amalia Christoforou – Carte Blanche

Elektroniese media – kamerapersoon:

Thuthuka Zondi, etv

Dr Theuns Eloff, die visekanselier, was onlangs die enigste spreker uit Afrika wat tydens 'n konferensie by die Universiteit van Cambridge opgetree het.



Religie speel 'n rol by die NWU

Religie speel 'n belangrike rol in wetenskapsbeoefening en het beslis 'n plek by moderne navorsingsuniversiteite, insluitende die NWU.

Dit was die boodskap wat dr Theuns Eloff, die visekanselier, op 5 April 2013 tydens 'n konferensie by die Universiteit van Cambridge in die Verenigde Koninkryk oorgedra het.

Cambridge se Skool vir Teologie (School of Divinity) het die konferensie, met die tema "Religion and the idea of a university", aangebied.

Dr Theuns het die Vereniging vir Statebondsuniversiteite (ACU) tydens die geleentheid as spreker uit Afrika verteenwoordig. Behalwe die enigste spreker vanaf die Afrika-kontinent, was hy ook die enigste persoon wat vanuit 'n reformatoriese oogpunt gepraat het.

"Die ander sprekers kom hoofsaaklik – wat die Christelike geloof betref – uit 'n Anglikaanse of Katolieke agtergrond, hoewel daar ook sprekers en kongresgangers met byvoorbeeld hindoe- of moslem-geloofsoortuigings was," sê dr Theuns.

Dié verskeidenheid gelowe – en in sommige gevalle ook ongeloof – wat by die konferensie verteenwoordig is, was vir hom baie interessant.

"By die konferensie het ons van die standpunt uitgegaan dat religie te doen het met spiritualiteit in die algemeen en dat dit verskillende geloofstelsels insluit," sê hy.

Nog 'n interessantheid wat hy by die konferensie opgemerk het, is dat veral Europese en Amerikaanse universiteite sterk historiese bande met kerke gehad het. "So was Cam-

bridge en Oxford byvoorbeeld baie nou verbonden aan die Anglikaanse Kerk," sê hy.

Hoewel baie universiteite deur die jare sekulêr geword het, is daar nou wêreldwyd weer 'n siening dat religie 'n belangrike rol in die wetenskap speel en dus 'n plek by universiteite behoort te hê.

'N BLIK OP DIE VERLEDE

In sy toespraak het dr Theuns eers na die oorsprong en geskiedenis van een van die NWU se voorgangers, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verwys en toe verduidelik watter rol religie vandag by die NWU speel.

Wat die verlede betref het hy, behalwe die PU vir CHO, ook die Vrije Universiteit van Amsterdam as voorbeeld genoem van universiteite wat die reformatoriese standpunt vanuit die Nederlandse tradisie gehuldig het. "Hiervolgens het albei universiteite die staat, kerk en universiteit as afsonderlike samelewingskringe beskou."

Die PU vir CHO het egter 'n spesiale band met die Gereformeerde Kerk gehad, aangesien die universiteit oorspronklik uit dié kerk se Teologiese Skool ontwikkel het.

Voortvloeiend daaruit was wetenskapsbeoefening by die universiteit Christelik van aard en het die instelling tot in 1994 'n privaatswet gehad wat toegelaat het dat 'n toets aangelê kon word om te verseker dat alle personeel Christene moes wees. Studente is egter nooit op grond van geloofsoortuigings toegang geweier nie.

RELIGIE BY DIE NWU

Ná die blik op die verlede, het dr Theuns ver-

duidelik wat die NWU se standpunt vandag is. Dié standpunt, sê hy, kom onder meer daarop neer dat wetenskapsbeoefening nie as totaal neutraal beskou word nie, aangesien akademici dit vanuit 'n spesifieke lewens- en wêreldsbeskouing aanpak.

"Met die totstandkoming van die NWU het ons die land se Grondwet gebruik as basis vir ons waardestelsel om wetenskap te beoefen. Daarom mag ons akademici – in lyn met godsdiensvryheid en akademiese vryheid wat in die Grondwet verskans word – sê wat hulle oortuigings is, solank hulle ook ander wetenskaplike standpunte aan die orde stel."

Wat die konferensiegangers baie beïndruk het, was die NWU se verpligte tweede- en derdejaarmodules bekend as "Verstaan die wêreld" waarvan dr Theuns hulle vertel het.

Dié modules help studente om die wêreld as 'n geheel, bestaande uit verwante stelsels, te verstaan. Dit stel ook die groot geloofstelsels van die wêreld en die etiek van hul spesifieke vakgebiede aan hulle bekend.

Behalwe by onderrig-leer, speel religie ook 'n rol by navorsing, sê dr Theuns.

"Waardegedrewe navorsing is vir ons baie belangrik. Hierdie siening sluit nou aan by die bevinding dat religieuse mense pligsgetroue en gemotiveerde navorsers is wat hul wetenskap tot voordeel van die mens en die aarde beoefen."

Die konferensie waar dr Theuns as spreker opgetree het, is bygewoon deur afgevaardigdes en sprekers van verskillende Europese lande, asook lande soos Amerika, Kanada, Indonesië en Indië.

Deur Quali belê ons in die toekoms

Die einddoel van die NWU se betrokkenheid by die Quali-inisiatief is om 'n omgewing van sagteware of stelsels te skep wat by die universiteit se behoeftes pas en koste-effektief is.

Dit was die boodskap wat tydens 'n Quali-werkswinkel op 20 Maart 2013 in Potchefstroom aan NWU-personeel oorgedra is.

Quali bestaan uit 'n groeiende groep universiteite en kolleges in Noord-Amerika en Kanada wat reeds die afgelope nege jaar sagteware vir hoërondewysinstellings ontwikkel.

Tydens die werkswinkel het die kollig op twee van die Quali-stelsels geval. Die een is Quali Student, 'n studente-administrasiestelsel wat die NWU help ontwikkel, en die ander een die reeds ontwikkelde Quali Financial Systems wat die NWU wil implementeer.

Meer as 150 personeellede wat op een of ander manier betrokke is by die finansiële stelsel en die Studente-administrasiestelsel op die drie kampusse en by die Institusionele Kantoor, het die werkswinkelsessies bygewoon.

“Dit gaan egter oor meer as net die twee Quali-stelsels waarin die NWU belangstel. Dit gaan

uiteindelik oor die langtermynvoordele wat die NWU se betrokkenheid by die Quali-inisiatief inhou,” sê mnr Attie Juyn, hoofdirekteur van Institusionele Inligtingstegnologie.

Hierdie voordele sluit onder meer die toepaslikheid van stelsels, kostebesparings en die bou van ondersteuningskapasiteit in.

KUALI IS NOMMERPAS

Quali-stelsels word deur hoërondewysinstellings ontwerp en ontwikkel om spesifiek in die behoeftes van dié sektor te voorsien – iets wat nie altyd die geval is met kommersiële sagteware nie.

“As mede-ontwikkelaars van Quali Student het ons die geleentheid om te verseker dat dit versoenbaar is met die Suid-Afrikaanse hoërondewysomgewing en ons eie behoeftes,” sê Attie.

Omdat die NWU 'n volle Quali-vennoot is, het die NWU sitting op die raad van Quali Student waar belangrike ontwikkelingsbesluite geneem word.

Verder kan Quali-stelsels ook verskillende vlakke van kompleksiteit hanteer, byvoorbeeld in instellings wat uit verskillende kampusse bestaan.

FINANSIËLE VOORDELE

In die lig van staatsubsidies wat al hoe minder word in die hoërondewyssektor, maak dit goeie besigheidsin om in Quali-stelsels te belê.

In die eerste plek vermy Quali-vennote die hoë lisensie- en onderhoudskoste van kommersiële produkte en spring hulle die sogenaamde gedwonge vooruitgang (“forced march”) vry.

Laasgenoemde is die voortdurende, verpligte en gewoonlik baie duur opgradering na 'n nuwe weergawe van 'n stelsel, omdat die maatskappy wat die sagteware voorsien, nie langer die vorige weergawe ondersteun nie.

In die tweede plek deel die verskillende vennote wat by die ontwikkeling van Quali-stelsels betrokke is, die ontwikkelingskoste daarvan, omdat hulle almal mannekrag, kundigheid en tyd beskikbaar stel.

Derdens word die ontwikkelde stelsels beskerm, aangesien dit die intellektuele eiendom van Quali is. Dit beteken dat die Quali Stigting en sy projekte die toekoms van die produkte beheer en beskerm. Dit is dus gemeenskapsbron-sagteware wat nie soos oopbron-sagteware deur enigeen buite die Quali-gemeenskap verander kan word nie.

Quali in Suid-Afrika

Die NWU is tans die enigste universiteit buite Noord-Amerika wat 'n volle Quali-vennoot is, maar dit lyk of ander Suid-Afrikaanse universiteite ook belangstel om betrokke te raak.

Afgevaardigdes van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite het byvoorbeeld in Maart 2013 'n Quali-konferensie bygewoon wat gesamentlik deur die NWU, die Universiteit van Stellenbosch en

OpenCollab (Edms) Bpk (die eerste Suid-Afrikaanse “Quali Commercial Affiliate”) aangebied is. Van die ander instellings wat daar verteenwoordig was, is onder meer die universiteite van Kaapstad, Johannesburg, Limpopo en die Wes-Kaap.

“Ons sal dit verwelkom as ander Suid-Afrikaanse universiteite ook by Quali betrokke raak,” sê mnr Attie Juyn, hoofdirekteur van Institusionele Inligtingstegnologie.

Wanneer dit gebeur, sal die NWU in 'n posisie wees om leiding en ondersteuning aan dié universiteite te kan gee.

Op hul beurt sal die ander Suid-Afrikaanse universiteite kan meehelp om die Quali-stelsels verder by die omstandighede en behoeftes van die land se hoërondewyssektor aan te pas. “Op dié manier deel ons nie net ontwikkelingskoste nie, maar ook kundigheid en idees,” sê Attie.



Kuali-verteenwoordigers het tydens die werkswinkel van 20 Maart 2013 ook die Institusionele Bestuur en kampusregistrateurs toegespeek. Teenwoordig by dié sessie is van links mnr Rajiv Kaushik van die Universiteit van Toronto, mnr Attie Juyn, die hoofdirekteur van IT, dr Theuns Eloff, visekanselier, prof Bob Cook Hoof- Inligtingsbeampte van die Universiteit van Toronto, mnr Barry Walsh, die strategiese adviseur van die Kuali Stigting, en prof Frikkie van Niekerk, Adjunk-Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie.

'n Vierde voordeel is dat die implementeringskoste van Kuali-produkte laer is.

As 'n instelling (soos die NWU) betrokke was by die ontwikkeling van die stelsel, is dit makliker, vinniger en goedkoper om dit te implementeer, aangesien die nodige kundigheid reeds tydens die ontwikkelingsfase opgedoen word.

KUALI BOU KAPASITEIT

Maatskappye wat kommersiële produkte ontwikkel en verskaf, deel dikwels nie die kennis oor die interne werking van hulle produkte nie. Dit veroorsaak dat hul kliënte van hulle afhanklik bly vir stelselonderhoud.

In teenstelling daarmee gaan dit in die Kualigemeenskap juis oor die deel van kundigheid en die bou van eie kapasiteit.

"NWU-personeel wat by die ontwikkeling van Kuali Student betrokke is, het reeds waardevolle kennis opgedoen en op hul beurt weer van hulle vaardighede met die Amerikaanse ontwikkelaars gedeel," sê Attie.

Kundige programmeerders is in groot vraag, maar Attie is vol vertroue dat die NWU die kundigheid van sy spanne gaan behou, juis omdat hulle sulke goeie blootstelling en ontwikkelingsgeleenthede kry.

"Ons spanlede vind dit baie opwindend om op internasionale vlak deel te neem aan die ontwikkeling van so 'n nuwegenerasie-studentstelsel," sê hy.

Die tegniese spanne gebruik ook Kuali Rice, wat 'n spesifieke metode en tegniese gereedskap is waarmee alle Kuali-produkte ontwikkel word.

"Die voordeel hiervan is dat dieselfde programmeerders wat Kuali Student help ontwikkel, ook die kennis het om die aanpassings te maak wat nodig sal wees voor ons Kuali Financial Systems by die NWU sal kan implementeer."

Finansiële stelsel verander vorentoe

Om die ideale omgewing van rekenaarstelsels by die NWU te skep, moet die NWU bepaalde stappe neem.

Een daarvan is om Kuali Financial Systems (KFS) teen die einde van 2014 te implementeer. Dit sal die huidige Oracle 11 vervang as deel van die NWU se Kuali-Oracle (*KOI)-inisiatief.

Hierdie finansiële stelsel wat spesiaal vir die hoërondewysomgewing ontwerp is, was reeds klaar ontwikkel toe die NWU in 2010 by Kuali betrokke geraak het – dit

was trouens die heel eerste stelsel wat Kuali ontwikkel het.

Voordat Kuali Financial Systems by die NWU geïmplementeer kan word, moet daar enkele aanpassings gemaak word. Een daarvan is byvoorbeeld om voorsiening te maak vir Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), wat uniek is onder die Kuali-vennote.

"In die volgende paar maande sal die spesiale taakspan wat uit finansiële kundiges by die Institusionele Kantoor bestaan, kyk watter gapings daar tussen die nuwe stelsel en die

huidige Oracle-stelsel is, en hoe dit gevul kan word," sê mnr Erik Marx, die programbestuurder by Institusionele IT.

Die taakspan sal voortdurend die gapings, behoeftes en vereistes aan IT se tegniese span deurgee sodat die nodige aanpassings gemaak kan word.

** Volgens die Kuali-Oracle (KOI)-inisiatief gaan Kuali Financial Systems Oracle Finances 11 vervang, en gaan die mensekapitaalstelsel later vanjaar opgradeer van die huidige Oracle 11 na Oracle 12.*

Navorsers raak mediamak

Om in 'n paar minute in verstaanbare taal te verduidelik waarom jou navorsing gaan en hoe dit gewone mense raak, is 'n kuns.

Om NWU-navorsers te help om hierdie kuns te bemeester, bied die universiteit die afgelope paar jaar reeds interaktiewe, praktiese werkswinkels oor wetenskapskommunikasie aan.

Gesoute mediapraktisyns, me Marina Joubert van Southern Science, en me Ruda Landman, 'n vryskutjoernalis en konsultant, het die werkswinkel op 22 Februarie 2013 by die Institusionele Kantoor aangebied.

Tydens hierdie werkswinkel het navorsers praktiese wenke gekry oor hoe om hul navorsing so te kommunikeer dat dit vir lesers en luisteraars interessant is.

Mediakenner, me Ruda Landman, voer 'n skyn-onderhoud met mnr Requier Wait van die Skool vir Ekonomie op die Potchefstroomkampus gedurende 'n werkswinkel waartydens navorsers se mediavaardighede geslyp is.

Van die onderwerpe wat bespreek is, was onder meer hoe om effektiewe boodskappe saam te stel, hoe om media-dekking te kry, en hoe om tydens 'n onderhoud op te tree.

Die navorsers het ook meer gehoor van die NWU se mediabeleid, onder meer oor hoe die universiteit se afdelings vir bemaking en kommunikasie navorsers bystaan in hul voorbereiding en skakeling met die media.

Nadat Marina die teoretiese gedeelte behartig het, het Ruda met 'n paar van die navorsers skyn-onderhoude gevoer. Dié onderhoude is opgeneem en daarna het die groep kommentaar gelewer daarop.

Die onderhoude is daarop gemik om navorsers te leer om op hul voete te dink, om te fokus op die drie hoofpunte van hul navorsing en om

deur 'n kameralens duidelik met 'n televisiegehoor te kommunikeer.

“Om met die media te netwerk het baie voordele,” sê me Marietjie Halgryn van Navorsingsondersteuning, wat verantwoordelik is vir die reël van die werkswinkels.

Een van die voordele is om die NWU-kundiges en hul navorsing aan die publiek bekend te stel, en daardeur meer befondsingsgeleenthede vir navorsing te skep en terselfdertyd die universiteit se beeld uit te bou.

Volgens plan sal die volgende werkswinkels oor wetenskapskommunikasie in die tweede helfte van 2013 op die Mafikeng- en Vaaldriehoek-kampus aangebied word.

Ander kapasiteitsbou-werkswinkels wat elke jaar vir navorsers aangebied word, handel oor publikasies, vraelysontwerp, streekproefneming, inleiding tot nagraadse studieleiding, en data-ontleding.



So sê ons navorsers

Eish! het vir 'n paar van die navorsers wat die werkwinkel bygewoon het, gevra wat dit vir hulle beteken het. Hier is hulle kommentaar:

"Die werkwinkel het my gehelp om strategies te begin dink oor die blootstelling van my navorsing in die media. Jy moet jou navorsing sinvol kan verpak in terme van waaraan jy werk en waarom dit belangrik is."



- Mnr Requier Wait, Skool vir Ekonomie, Potchefstroomkampus.

"Ek het die opleiding ontsettend geniet, en het kort daarna al my eerste kontak met die media gehad. Wat by my vasgesteek het tydens die werkwinkel is om so goed as wat jy kan voor te berei, en om vooraf te besluit wat die belangrikste boodskap is wat jy by die publiek wil uitbring."



- Me Elsmari Nel, Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, Potchefstroomkampus.

"Wat 'n leersame ervaring vir my! Die sukses van mediakommunikasie lê in eenvoudige maar treffende boodskappe. Ons as navorsers moet meer gereeld met ons navorsing en bevindinge 'spog' en vir die media iets gee wat die moeite werd is om oor te skryf. Dit was 'n voorreg om van 'n 'ou hand' in die bedryf te leer en te besef ons kan almal hierdie vaardighede bemeester."



- Prof Elmarie Slabbert, Skool vir Ondernemingsbestuur, Potchefstroomkampus.

"Ek het in die verlede gedink navorsingskommunikasie eindig as jy jou artikel in 'n wetenskaplike joernaal gepubliseer het. Ruda het egter vir ons kom wys dat kommunikasie ook via die media moet uitgaan na die publiek, aangesien dit ons wetenskaplikes se plig is om vir die publiek te toon hoe hul belastinggeld spandeer is. Dit is 'n vaardigheid wat mens moet aanleer."



- Prof Johannes van Rooyen, Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, Potchefstroomkampus.

"Ruda het vir ons 'n uittreksel uit 'n video gespeel waarin 'n bekende Amerikaanse

spreeker advies gegee het oor hoe mens effektief jou veld van kundigheid aan die publiek kan oordra.

"Baie waardevolle advies van hom was dat 'n mens verkorte, simplistiese weergawes van ingewikkelde definisies of begrippe waarmee die publiek nie noodwendig bekend is nie, vooraf moet neerskryf en byderhand hou tydens onderhoude. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om te praat van 'spierglukogeenstore', kan mens eerder praat van 'die liggaam se energiestore'. Op dié manier kan 'n mens deur die jare 'n hele boekie vol eenvoudige definisies opbou."



- Dr Lize Havemann-Nel, Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe, Potchefstroomkampus.

Tien taboe's

Volgens me Marina Joubert van Southern Science, moet jy NIE tydens 'n onderhoud met die media die volgende sê nie:

- "Ek is te besig."
- "Ek gaan na daardie vraag antwoord nie."
- "Ek het dit reeds gesê."
- "Laat ek net eers vir jou die agtergrond skets."
- "Ek moet dit eintlik nie sê nie, maar"
- "Ek is nie die beste persoon om daardie vraag te beantwoord nie."
- "Eers wil ek ons befondsers en medewerkers noem"

Die volgende moet jy ook vermy:

Onbekende akronieme, ingewikkelde getalle, vaktal wat gewone mense nie verstaan nie, en om na iemand te verwys deur net sy van te gebruik.

Prof Awie wil “olike” gesondheidsorg verbeter

In ons voortgaande reeks oor NWU-dekane gesels Eish! met prof Awie Kotzé, die dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus. Dié voormalige direkteur van die Skool vir Farmasie gee sy mening oor hoe gesondheidsorg in Suid-Afrika verbeter kan word en gesels ook oor die prys van medisyne.

Die behandeling wat pasiënte kry, moet afhang van hoe siek hulle is, en nie hoeveel geld hulle het nie, sê prof Awie Kotzé, dekaan van Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus.

Prontuit en passievol – dis hoe prof Awie is wanneer dit by gesondheidsorg in Suid-Afrika kom.

“Die nood in Suid-Afrika se gesondheidsorgsektor en die groot verskil in gesondheidsorg tussen die verskillende sosiale groeperings in die land lê my na aan die hart,” sê hy.

OPLOSSINGS VIR DIE PLATTELAND

Prof Awie is veral baie besorg oor die tekort aan effektiewe, gefokusde gesondheidsorg op die platteland.

Moontlike oplossings is om te sorg dat alle gesondheidsorgwerkers op die platteland beter opgelei is in primêre gesondheidsorg, en om medisyne meer effektief te versprei na hospitale en klinieke in dié dele. “Verspreiding van geneesmiddels moet onder leiding van aptekers plaasvind, nie administratiewe personeel nie,” sê prof Awie.

Nog ‘n manier om probleme met gesondheidsorg die hoof te bied, sê prof Awie, is om meer dienste af te wentel na bestaande dokters en hospitale in die privaatsektor. “Die privaatsektor moet dus namens die staat dienste aan staatspasiënte lewer, waarna die staat hulle dan daarvoor vergoed.”

‘n Ander oplossing is om meer kliniese genote of middelvlakwerkers op te lei om dokters se hande te sterk. Tervyl dié persone die minder ernstige gevalle hanteer, kan

die dokters op ernstiger gevalle wat gespesialiseerde gesondheidsorg verg, konsentreer.

Prof Awie sê daar is deesdae al hoe meer sulke middelvlak-beroepsrigtings. Die Suid-Afrikaanse Aptekersraad het byvoorbeeld onlangs twee nuwe beroepsgeleenthede vir apteektegnikusse en apteek- tegniese assistente geïdentifiseer en in pas hiermee het die fakulteit reeds kursusse daarvoor ontwikkel.

BREËBORS OOR SY FAKULTEIT

Oor die fakulteit waar hy reeds die afgelope 24 jaar betrokke is, praat prof Awie met groot passie en trots.

“Ons fakulteit het die afgelope 13 jaar uit die voormalige Fakulteit Farmasie ontwikkel tot die grootste fakulteit by die NWU wat kontakstudente betref. Die fakulteit huisves twee van die universiteit se drie sentrums van uitnemendheid, naamlik die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding en die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe.”

Daarby is die Skool vir Farmasie – met sy 800 voorgaadse en 100 nagraadse studente – die grootste in Suid-Afrika en lei hulle sowat 40% van alle aptekers in die land op.

Die fakulteit bied tans ook sowat 100 verskillende kortkursusse aan, meestal vir mense wat reeds in die gesondheidsorgsektor staan. “Een van ons ideale vir die toekoms is om hierdie kursusse nog verder uit te brei,” sê prof Awie.

Nog ‘n strategiese inisiatief is die daarstel van ‘n Eenheid vir Gesondheidsorg-onderrig en -navorsing.

“In hierdie sentrum wil ons ‘n groot veskeidenheid elemente saamvat. Ons wil navorsing doen oor onder meer die opleiding van studente en dosente, kurrikulumontwikkeling en werkgeïntegreerde leer.

“Ons wil ook spesifiek op gesondheidsorg vir die platteland, gemeenskapsbetrokkenheid en op transdissiplinêre gesondheidsorg fokus.”

Medisyne is nie te duur nie

Prof Awie sê medisyne is nie te duur nie.

Dis immers spesialis-gebruiksitems wat multinasionale farmaseutiese maatskappye gemiddeld 16 tot 18 jaar en miljard dollar neem om te ontwikkel en op die mark te kry, voeg hy by.

“Omdat die beskerming op geneesmiddels ná 20 jaar verval, het hulle dus net twee tot vier jaar om die reuse-ontwikkelingskoste te verhaal en toekomstige ontwikkelingskoste vir ander nuwe middels te verseker voor ‘n ander maatskappy dit as generiese middels kan bemark.” In Suid-Afrika is daar ook ander faktore wat die prys van medisyne beïnvloed.

Een hiervan is die tenderproses waarvolgens die staat sowat 80% van alle medisyne wat gebruik word teen baie lae pryse of selfs teen kosprys kan aankoop.

Om enigsins ‘n wins te maak, moet die oorblywende 20% medisyne dan teen markverwante pryse aan die privaatsektor verkoop word.

Maar selfs onder hierdie omstandighede maak die maatskappye steeds nie woekerwins nie. Daarvoor sorg verskeie maatreëls, byvoorbeeld die nasionale regulasies wat die prys van medisyne in die farmaseutiese industrie, by groothandelaars en in apteke bepaal.

Ander uitbreidings in die fakulteit is die ontwikkeling van professionele vierjaargrade vir biokinetika en vir beroepshigiëne. As gevolg van die groot klem op verpleegkunde deesdae, verwag die fakulteit ook 'n toename in verpleegstudente.

Ná die afgelope 13 jaar se vinnige groei, fokus die fakulteit egter ook op konsolidering. "Ons wil nodige prosesse, beleide, riglyne en ondersteuning in plek sit sodat personeel optimaal kan funksioneer," sê prof Awie.

PASSIEVOLLE PERSONEEL

Hy is oortuig dat die fakulteit se sukses juis toegeskryf kan word aan die passie van sy personeel. Dit sluit in hul vermoë om in 'n span saam te werk, hul deursettingsvermoë en ywer, en hul begeerte om werklik 'n verskil te maak.

Sy eie strewe om 'n verskil in mense se lewens te maak, is te danke aan sy ma wat hom geleer het om vir ander om te gee.

Behalwe sy ma, is daar ook ander mense wat 'n invloed op sy lewe gehad het. Hulle is prof Hans Junginger, voorheen van die Leiden Universiteit in Nederland, wat medepromotor was toe hy sy doktorsgraad in Farmaseutika verwerf het, en prof Marlene Viljoen, die voormalige dekaan van die fakulteit.

"Prof Hans het my geleer dat jy soms jou 'gut feeling' in jou navorsing moet volg en prof Marlene het my geleer wat goeie bestuur is."

Met 'n goeie dosis effektiewe bestuur en passievolle personeel wat streef na goeie gesondheidsorg vir almal, blyk die fakulteit inderdaad om die regte medisyne vir die "siek" gesondheidsorgsisteem in Suid-Afrika te wees.



Prof Awie sê dit was vir hom 'n besondere eer om tydens vanjaar se gradeplegtigheid op die Potchefstroomkampus die skouerband om te hang toe sy oudste seun, Stephan, sy BSc-graad ontvang het.

Ander interessantheide

My gunstelingdis: Mieliepap sonder suiker, met kailings of wildslewer.

My gunstelingboek: *1001 days that shaped the world* deur Peter Furtado.

My gunstelingflike: *Schindler's List* en vir ontspanning James Bond-films.

My gunstelingmusiek: Deep Purple en Bruce Springsteen.

My gunstelingtroeteldier: My Bassets – hulle hardkoppigheid leer my geduld.

Dit doen ek vir ontspanning: Skyfskiet en stap.

My lekkerste vakansie ooit: In die Bahamas – daar kon ek sien hoe die rykstes van die samelewing leef.

Dit wil ek nog eendag doen: Saam met my twee seuns op 'n Afrika-safari gaan.

Die lede van my gesin: My vrou, Irma, my seun Stephan wat tans hier op die

Potchefstroomkampus besig is met sy Honneurs in Chemie, en my seun Armand wat vier-en-'n-half is.

My jongdae: Ek het in Lichtenburg grootgeword en daarna op die Potchefstroomkampus studeer.

Die tipe kind wat ek was: Ek was glo baie besig en 'n groot boekwurm – ek het amper al die boeke in Lichtenburg, Coligny en Ventersdorp se biblioteke gelees.

Kampus gaan help om vaardighede te ontwikkel

Die Mafikengkampus, die Noordwes Provinsiale Regering en Statistiek Suid-Afrika het 'n ontwikkelingsvennootskap aangegaan en het onlangs 'n Memorandum van Verstandhouding (MVV) onderteken om vaardighedsontwikkeling in die provinsie te versnel.

Volgens mnr Darkie Africa, Hoof van die Noordwes Beplanningskommissie – die fasiliteerders van hierdie inisiatief – is navorsing, vaardighede en die geloofwaardige statistiese inligting van kritieke belang vir beplanning en ondersteuning van volhoubare ontwikkeling.

Prof Mashudu Maselesele, Viserektor: Akademie sê die Mafikengkampus is geëerd om een van die hulpbronsentrums te wees wat gaan help om die uittoeg van vaardige mense uit die provinsie en die land te help teëwerk.

“Vaardighedsontwikkeling in die gemeenskap is ook van belang vir ons aangesien gemeen-



Prof Mashudu Maselesele (links) skud hante met me Thandi Modise ná ondertekening van die Memorandum van Verstandhouding.

skapsbetrokkenheid een van die drie pilare van ons kampus is,” het sy bygevoeg.

Me Thandi Modise, Premier van die Noordwesprovinsie, het namens die provinsiale regering die ooreenkoms onderteken. Sy het benadruk dat die “stryd om 'n impak te maak in die sosio-ekonomiese status van die provinsie en die land slegs deur inisiatiewe soos hierdie verwesenlik kan word.”

Graduandi blink uit in Rekeningkunde

Graduandi van dié kampus het baie goed gevaar in vanjaar se Aanvanklike Bevoegdheidstoets-eksamen (ABT) van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Die ABT-uitslae wat onlangs bekend gemaak is, wys dat 11 van die 12 kandidate wat die eksamen deurgekom het hul BCom-grade aan die Skool vir Rekeningkunde op die Mafikengkampus verwerf het.

Prof Akbar Bootha, direkteur van die skool, sê dit is 'n uitstaande prestasie. “In die laaste 30 jaar kon ons nog net 23 geoktrooieerde rekenmeesters (GR's) oplewer. Met 11 van ons studente wat die eerste gedeelte deurgekom het, het ons amper die helfte van die totaal binne een jaar bereik,” sê hy.

Hy sê dat alhoewel dié wat wel as GR's gekwalifiseer het hoë poste in die handel en nywerheid beklee, die getalle steeds heeltemal te laag is.

“Suid-Afrika benodig dringend swart GR's en ons moet hard werk om hulle op te lewer. Daarom het ons sekere korrektiewe maatreëls getref en toepaslik gekwalifiseerde personeel aangestel.”

Die BCom Geoktrooieerde Rekeningkunde en Finansiële Rekeningkunde-program op die Mafikengkampus is volledig belyn met die ander kampusse van die NWU. In 'n eksterne programmevaluering wat verlede jaar deur SAIGR gedoen is, het die universiteit 'n eengradering gekry en voldoen dus aan al die akkrediteringsvereistes.

Die kampus is ook 'n deelnemer aan die Thuthuka-beursfondsprojek, 'n inisiatief van SAIGR om die getal swart GR's in die land te verhoog.

Sentrum straal vertroue uit

Die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (STSWT) is deur die Raad vir Geowetenskap gekontraktee om dienste in toegepaste stralingswetenskap en -tegnologie te verskaf.

Bykomend tot hierdie dienste sal die STSWT steun vir stralingsmeting en -evaluering in die Raad se projek oor verlate en eienaarlose myne verskaf. Hierdie projek word namens die Departement van Minerale Hulpbronne deur die STSWT uitgevoer.

Volgens die Raad vir Geowetenskap is die doel van hierdie aanstelling om hulle aktiwiteite op die gebied van omgewingsondersoeke met die STSWT se ervaring en infrastruktuur in stralingsmeting en -evaluering aan te vul. Die omvang van die werk sluit onder andere bloot-

stellingsevaluering in wat gegrond is op die meting van stralingsvlakke in vaste materiaal en water, op en weg van mynhoë af.

Prof Matthews Khambula, direkteur van die STSWT, sê dat die sentrum heeltemal gereed is om die verlangde dienste te verskaf.

Die STSWT word as 'n baanbreker in toegepaste stralingstudies beskou. Dit is in 1998 as samewerkende poging tussen die NWU en eksterne industriële en navorsingsbelanghebers gestig. Dié rolspelers sluit in Eskom, die Nasionale Kernreguleerder (NNR), die Kernenergiekorporasie van Suid-Afrika (NECSA), die iThemba Laboratorium vir Versnellergebaseerde Wetenskappe (iThemba LABS), die Modulêre Korrelbedreaktor-groep (PBMR) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS).





PUKfm maak sy stem dik: Van links is die PUKfm-wenspan - Bianca van Aardt, Wian Esterhuizen, Anele Mdoda (seremoniemeester van die aand en platejoggie van Highveld Stereo), Charonike Nel, Burger Meyer en Carla Mouton.

PUKfm palm gesogte toekennings in

As jy mooi luister, sal jy besef dat inhoud meer as volume saak maak.

Dit het PUKfm tydens die onlangse MTN Radio Awards in Sandton gewys toe dié radiostasie twee gesogte toekennings ingepalm het.

Worship with David, wat Sondagoggende van 09:00 tot 12:00 uitgesaai is, is beloon met die prys vir Best Campus Weekend Show terwyl *New Music Space* met die louere as Best Campus Daytime Show weggestap het. Eersgenoemde is deur David-Zanré Reed aangebied en laasgenoemde deur Bianca van Aardt.

Me Amoré Truter, die stasiebestuurder van PUKfm, sê hulle is baie trots op hierdie twee voormalige kollegas. "David het 'n ongelooflike passie vir gospelmusiek, en alhoewel

hy slegs vir 'n jaar by die stasie was, het sy toewyding hom 'n ontsaglike groot gevolg besorg. Hy het baie moeite gedoen en soos die beoordelaars opgemerk het, was sy onderhoude uitstaande."

Bianca, wat tans haar internskap as algemene verslaggewer by *Sondag* doen, het ook diep spore by die stasie gelaat. "Deur Bianca se toedoen het die program een van die bestes in die land geword. Sy het self die produksie behartig en het baie navorsing daarvoor gedoen," sê Amoré.

Sy voeg by dat PUKfm nou die vrugte van die stasie se nuwe fokus pluk. "Ons het die afgelope jaar baie aandag aan die inhoud van ons programme spandeer en dit het tydens die toekennings gewys."

Nuwe SkryfGoed sien die lig

Die nuwe Afrikaanse SkryfGoed 4-sag-teware is nou beskikbaar vir almal wat foutlose Afrikaans wil skryf. Dié versameling van Afrikaanse elektroniese skryfhulpmiddels is pas deur die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt®) ontwikkel.

Hierdie jongste weergawe van die immergewilde Afrikaanse SkryfGoed-pakket bestaan uit vier skryfhulpmiddels vir Microsoft Office. Dié Afrikaanse Speltoetser, Grammatikatoetser, Tesourus en Woordafbreyer is geheel en al met Microsoft® Office 2013 en Windows 8 versoenbaar.

Die Grammatikatoetser en Tesourus is enig in hul soort in Afrikaans vir Microsoft Office, en die Speltoetser is die enigste sogenaamde tweedegenerasiespeltoetser wat tans vir Afrikaans bestaan. Dit beteken dat die nuutste tegnologie en gevorderde prosessering gebruik word om beter resultate te lewer.

Afrikaanse SkryfGoed word gereeld bygewerk om by die nuutste spelreëls en ontwikkelinge in Afrikaans aan te pas, en dié nuutste weergawe het reeds positiewe terugvoer vanaf verskeie taalkenners en -praktisyns ontlok. Afrikaanse SkryfGoed 4 is nou by www.spel.co.za of verkope@spel.co.za beskikbaar. Belangstellendes kan ook 018 297 0164 skakel vir enige navrae, bestellings of tegniese ondersteuning.

Violis ontvang erkenning

Prof Piet Koornhof, medeprofessor in viool aan die Skool vir Musiek, het onlangs 'n C3-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang as 'n gevestigde navorser, met spesifieke fokus op kreatiewe uitsette.

Hierdie gradering gee erkenning vir sy hoë-vlak uitvoerings as violis oor die afgelope jare heen.

Prof Piet was 'n student van ontslapte Dorothy DeLay aan die Juilliard Musiekskool in New York.


Prof Piet Koornhof is 'n gevestigde navorser en violis. Hy het reeds agt CD's as solis en kamerstukspeler vrygestel en 'n volgende CD-opname van virtuose werke vir viool en klavier is deur DeLos aanvaar vir uitreiking in die volgende seisoen.

Hy is in 1986 as viooldosent by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys aangestel en in 2005 bevorder tot medeprofessor in die Skool vir Musiek.



Herfstyd is hier – prentjiemooi

Die Vaaldrieëkkampus is alombekend vir sy idilliese ligging. Geleë op die oewer van die Vaalrivier in 'n verklaarde natuurreservaat, is die kampusgronde die tuiste van verskeie wildspesies. Me Annette Willemse, kommunikasiebeampte in die departement Bemaking en Kommunikasie, het hierdie springbokram en jong lam teen die veranderende herfslandskap op kamera vasgelê.



NWU bemagtig vroulike entrepreneurs

Die Ondernemingsontwikkelingsentrum (OOS) op die Vaaldrieëkkampus het onlangs sy Ondernemende Vroue-program van stapel gestuur om vroulike entrepreneurs te help om hul doelwitte te bereik en hul sakedrome te verwesenlik.

Die OOS is daartoe verbind om vroulike entrepreneurs van die vaardighede te voorsien om hul besighede uit te brei. Dit sal ook as platform dien waarvandaan hierdie besighede tot stand kan kom as langtermynboustene vir ekonomiese volhoubaarheid.

Die Ondernemende Vroue-program is 'n agt maande lange program wat daarop gemik is om besigheidsondersteuning te bied aan vroue wat hul eie besighede wil vestig. Gedurende die program sal deelnemers die geleentheid gegee word om idees te ondersoek, besigheidsmodelle te ontwikkel en selfvertroue en entrepreneuriese kundigheid op te doen.

Volgens mnr Johan Landsberg, bestuurder van die OOS, kan 'n entrepreneuriese vrou beskryf word as 'n individu wat waag om groot te dink, berekende spronge in die duister te maak en haar drome na te jaag.

“'n Ondernemende vrou werk hard om haar drome te verwerklik,” verduidelik Johan. Hy voeg by dat hierdie strewe na sukses aangevuur word deur die begeerte om haar onmiddellike familie en die gemeenskap in die breë te ondersteun.

“Gesamentlik en afsonderlik beskik entrepreneuriese vroue oor die potensiaal om positiewe verandering teweeg te bring – regionaal, nasionaal en internasionaal. Sodoende dra hulle by tot die krag en volhoubaarheid van die land se ekonomiese welstand.”

Vir meer inligting, kontak vir Leonie Greyling by 082 412 9123.

Kampus is deel van Pi Matriks-wêreldgeheuererekord

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het Pi-dag op 14 Maart saam met die globale gemeenskap van wiskunde-entoesiaste gevier deur die aanbieding van 'n Pi Matriks-wêreldgeheuererekordpoging deur grootmeester Kevin Horsley.

Hierdie poging, genoem die 'Everest van geheuetotse', vereis nie net van die memori-seerder, Kevin Horsley, om die volgorde van die eerste 10 000 desimale van Pi te ken nie, maar ook om die desimale in die korrekte volgorde van enige plek in die ry af te ken.

'n Paneel van vyf toetsers het 250 pi-desimale uitgeroep en Kevin moes dan 500 desimale (vyf voor en vyf na) onthou. Kevin, 'n Suid-Afrikaner, is een van slegs vier mense ooit wat dit al kon regkry. Hy het dit gedoen deur 'n nuwe wêreldrekord van 16 minute, 38 sekondes op

te stel. Die rekord word erken deur sowel die Internasionale Federasie van Geheuesport as die “Book of Mental World Records”.

Pi (Griekse letter “ π ”) verwys na die verhouding tussen die omtrek en die middellyn van 'n sirkel

en is 'n oneindige opeenvolging van syfers na die desimale punt. Pi is al bereken tot meer as 'n triljoen desimale plekke en as 'n irrasionele en transendente getal sal dit tot in die oneindigheid voortgaan sonder herhaling of enige vaste patroon.

'n Nuwe wêreldrekord! Van links is me Elbie Steyn, kampusregistrator, mnr Kevin Horsley, geheuegrootmeester en prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning.



Max du Preez word prof

Prof Max du Preez, gesoute joernalis, skrywer en politieke kommentator is onlangs as buitengewone professor by die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroom-kampus aangestel.

Hy het die kampus op 25 en 26 April besoek. Tydens sy besoek het hy met studente en dosente van die vakgroep Kommunikasie gesels en 'n toespraak by 'n colloquium oor die nasionale ontwikkelingsplan van Suid-Afrika gelewer.

Gedurende die colloquium, wat personeel van die navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie bygewoon het, het sy optimisme oor die toekoms van Suid-Afrika duidelik geblyk.

Hierdie optimisme is tydens 'n onderhoud met Eish! bevestig.

“Daar is wel dinge in die breë politiek en die media wat 'n mens bekommer, maar ek is geweldig optimisties oor die land en sy mense, ten spyte van vrot politici. Ek glo in elk geval daaraan om oor te gaan tot aksie, eerder as om sinies te raak.”

Ook sy raad aan huidige joernalistiekstudente by die NWU getuig van 'n positiewe ingesteldheid: “Julle moet nooit julle geesdrif en energie verloor vir een van die wonderlikste beroepe in die wêreld nie. En moet nooit toelaat dat julle eerlikheid ondermyn word nie,” sê hy.

Prof Max sal die geleentheid hê om wysshede soos hierdie aan studente oor te dra tydens gaslesings, gesprekke en ander insette wat hy as buitengewone professor sal lewer.

'N LEEFTYD SE ERVARING

Prof Paul Schutte, die direkteur van die Skool vir Kommunikasiestudies, sê hulle verwelkom dit dat prof Max sy jarelange kundigheid nou met dosente en studente kan deel.

“Dit is altyd goed om studente nie net aan akademici bloot te stel nie maar ook aan ervare mense uit die praktyk,” sê hy.

Prof Paul sê met die aanstelling van prof Max gee hulle erkenning aan die werk wat hy oor jare as ondersoekende joernalis gedoen het en

Prof Max du Preez, tans 'n vryskutjoernalis, skrywer en spreker, sien sy aanstelling as buitengewone professor as 'n geleentheid om van sy ervaring terug te kan gee aan jong aspirantjoernaliste.



die rol wat hy steeds speel as kampvegter vir joernalistieke integriteit en onafhanklike denke.

Sy aanstelling hou veral groot voordeel in vir die honneursstudente in Joernalistiek wat vanjaar hul onderskeie skripsies skryf oor aspekte van die *Vrye Weekblad* waarvan Max die redakteur was.

“Behalwe dat die studente die geleentheid kry om ‘uit die perd se bek’ inligting te kry om in hul skripsies te gebruik, is die verwagting ook dat Max as deskundige adviseur kan dien en strategiese raad kan gee oor die opleiding van toekomstige joernaliste aan die NWU, veral wat fokus en kurrikulum betref,” sê prof Paul.

SY SPORE LÊ WYD

Prof Max het in Kroonstad grootgeword en Politieke Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Hy het sy joernalistieke loopbaan by *Die Burger* begin en was later lid van die eerste redaksie van *Beeld*. Daarna het hy by die *Sunday Times* en die *Business Day* gewerk.

In 1988 het hy die *Vrye Weekblad* tot stand gebring en in 1994, toe die koerant gesluit is,

het hy by die SAUK aangesluit as ankerpersoon en dokumentêrefilmvervaardiger.

Prof Max, wat reeds 11 boeke oor Suid-Afrika se geskiedenis en politiek geskryf het, het verskeie nasionale en internasionale toekennings ontvang, insluitende die Louis M Lyonsprys vir joernalistieke integriteit van die Nieman-genote aan die Harvard-Universiteit.

Daarby het prof Max 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad en is hy betrokke by die Universiteit van Fort Hare se Sentrum vir Leierskapsetiek in Afrika.

Joernalistiekopleiding het reeds in 1959 aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys begin en die tradisie van beroepsopleiding met teoretiese inslag word vandag in die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroomkampus voortgesit.

Kommunikasie word ook op die Mafikeng- en Vaaldriehoekampus aangebied.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

“ Vakbonde is beslis besig om hul mag in Suid-Afrika te verloor. In 'n post-industriële tydperk het blouboord-jewerkers beslis nie meer die mag wat hulle voorheen gehad het nie. Interne konflik, mededingende vakbonde wat na vore tree en swak bestuur bedreig die magsbasisse van vakbonde en hul strategiese rol as politieke rolspeeler is vinnig besig om te verander en te verklein. ”

Prof Andre Duvenhage, Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie, Potchefstroomkampus
Beeld, 10 April 2013



“ Onderwysers behoort nie die onderwerp (sporthelde as rolmodel-voorbeelde in skoolkurrikulums wat dan die wet oortree het, byvoorbeeld Oscar Pistorius) te vermy nie. Dit is 'n uitstekende geleentheid om die boodskap tuis te bring dat geen rolmodel ooit 100% onkreukbaar is nie en dat alle mense een of ander tyd foute maak. ”

Prof Elda de Waal, Skool vir Opvoedkunde, Vaaldriehoekkampus
Burger, 10 April 2013



“ Ek doen 'n beroep op die jeug om onderwys as die antwoord op hul toekomsdrome te beskou en deel te wees van 'n kollektiewe strewe na uitnemendheid in nasiebou. Leerlinge moet ook deur gemeenskappe ondersteun word, want dit verg 'n nasie om 'n individu op te voed. ”

Prof Dan Kgwadi, rektor, Mafikengkampus
The New Age, 4 April 2013



“ Die dood van Margaret Thatcher vra vir 'n assessering van 'n ikoniese erfnis. Dit lui nie die einde van 'n era in nie, want haar intellektuele en beleidserfenis is steeds baie duidelik waarneembaar, of mens nou daarvan hou of nie. Ons kyk in 'n bekende spieël in 'n tyd waarin sommige van die EU-lande wat diep in die skuld is privatisering propageer om hul soewereine skuld- en bankkrisisse te help afwend. Wat die laaste paar jaar in die wêreld ekonomie aan't gebeur is, is 'n storie op sy eie en die verantwoordelikheid daarvoor kan nie voor haar deur gelê word nie. Maar dit wat sy in haar tyd geïmplementeer het, was 'n paradigmaskuif, met 'n blywende invloed op globale ekonomiese denke. ”

Prof Raymond Parsons, Potchefstroom Besigheidskool, Potchefstroomkampus
BDLive, 9 April 2013

“ Die argieffasiliteit (funksionele waterkennisrepositorium) is beskikbaar vir die gebruik van alle belangegroepe en navorsers in die SA watersektor. Heelparty privaatsektorbelanghebbendes, soos ingenieursfirmas wat in die watersektor bedrywig is, sowel as professionele instansies soos die SA Instituut van Siviele Ingenieurs en die Waterinstituut van Suid-Afrika, sal hopelik met ons kragte saamsnoer om die argief te ontwikkel. Die plan is om die argief mettertyd vir publieke digitale toegang beskikbaar te stel op die internet, wat beteken dat gebruikers via hul persoonlike rekenars toegang sal kan kry tot dokumentasie. ”

Prof Johann Tempelhoff, Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekkampus
25 DEGREES IN AFRICA, 1 April 2013





Akademie vir leiers en bestuurders

Dr Theuns Eloff, die visekanselier van die NWU, is baie opgewonde oor die nuwe Leierskaps- en Bestuursakademie wat die NWU op 6 Mei 2013 geloods het. Eish! het met hom gesels oor sy verwagtinge vir die akademie en wat dit presies behels.

V: Hoe het dit gekom dat die NWU 'n nuwe Leierskaps- en Bestuursakademie begin het?

A: Ná die aftrede van prof Chris van der Watt, wat aan die stuur van die vorige Leierskapsakademie was, het ons herbesin. Nadat ons vir die kampusse en die Institusionele Kantoor gevra het wat hul behoeftes is, het ons besluit om 'n nuwe akademie – met die fokus op leierskap én bestuur – daar te stel.

V: Wat is die verskil tussen leierskap en bestuur?

A: 'n Mens kan ure lank hieroor praat, maar dit kom daarop neer dat leiers die visionêre, strategiese leiding in 'n organisasie neem, terwyl bestuurders die dag-tot-dag bestuur van die organisasie behartig.

Daar is egter oorvleueling – leiers bestuur ook in 'n mate, en bestuurders lei soms ook.

V: Waarom het die NWU besluit om vir albei aspekte – leierskap én bestuur – voorsiening te maak in die nuwe akademie?

A: Op dié manier bereik ons 'n groot verskeidenheid mense in 'n organisasie – van potensieële bestuurders, lae-, middel- en hoëvlakbestuurders tot die heel hoogste vlak waar die topleiers is.

V: Thinking fusion is ook betrokke by die nuwe akademie. Wie is hulle en watter rol speel hulle?

A: Hulle is konsultante wat leierskapsontwikkeling in Suid-Afrika doen – hulle het die afgelope vyf jaar al sowat 1 500 leiers opgelei en het 'n baie goeie reputasie.

Hulle het met die konsultasieproses op die kampusse en by die Institusionele Kantoor gehelp en sal voortaan die leierskapsontwikkelingsbeen van die nuwe akademie vir NWU-personeel én eksterne teikengroepe aanbied. Omdat hulle reeds die ervaring en kapasiteit

het, hoef ons dus nie mense by die NWU aan te stel om hierdie gedeelte te behartig nie.

V: Wie gaan die ander gedeelte – die bestuursontwikkeling – behartig?

A: Ons gaan van ons eie NWU-kundiges as aanbieders inspan, terwyl me Helen Mogorosi, die direkteur van Mensekapitaalontwikkeling, die programme wat aan NWU-personeel aangebied sal word, sal bestuur.

V: Gaan albei gedeeltes by die NWU aangebied word?

A: Ja, thinking fusion sal die Leading-program vir senior en uitvoerende bestuurders by die NWU aanbied, terwyl NWU-kundiges die res sal aanbied.

V: Watter programme gaan vir NWU-bestuurders aangebied word?

A: Die eerste een is 'n oriënteringsprogram vir bestuurders wat van buite die NWU kom.

Die tweede is 'n ontwikkelingsprogram gemik op personeel wat reeds by die NWU is, maar vir die eerste keer in bestuursposisies aangestel word of wat as potensieële bestuurders beskou word en moontlik in die toekoms bestuurders kan word.

Derdens sal pasgemaakte opleidingseminare en werksinkels ook deur die jaar vir NWU-personeel aangebied word.

V: Vir watter eksterne groepe is die nuwe akademie bedoel?

A: Ons eksterne mark is die res van die hoërondewyssektor, asook maatskappye en groepe in die privaat- en openbare sektor.

V: Is daar nie reeds instansies – byvoorbeeld besigheidskole – wat sulke opleiding aanbied nie?

A: Besigheidskole bied wel bestuursopleiding aan, maar dit is gewoonlik net modules van hul MBA-programme.

Die opleiding wat hulle – en ook ander privaat-instansies – aanbied, is ook nie spesifiek op die hoërondewyssektor toegespits soos dele van die akademie s'n gaan wees nie. Hulle kombineer ook nie leierskaps- en bestuursopleiding op die unieke manier waarop ons dit gaan doen nie. Ons vul dus 'n groot gaping in die mark.

V: Is daar reeds belangstelling van buite?

A: Ja, twee eksterne groepe het klaar laat weet dat hulle in die opleiding belangstel.

V: Hoe sien u die akademie oor 'n paar jaar vorentoe?

A: Ek wil hê die akademie moet koste-effektief bedryf word en goeie derdegeldstroom-inkomste vir die universiteit genereer.

Maar meer nog: dit moet die beste leierskaps- en bestuursakademie in Suid-Afrika wees. Wanneer instansies vra waar sulke opleiding beskikbaar is, moet die antwoord sonder huiwering wees: Gaan NWU toe. Uiteindelik moet ons kan sê dat die akademie die voorste bestuurders en leiers by die NWU én elders in Suid-Afrika help slyp het.



As 'n nuwe toevoeging tot die gereelde artikels in die Eish!, wil ons graag fokus op die MENSE wat hier by die NWU werk. Dit wat ons elke dag verrig as deel van ons werkstaak is belangrik, maar soveel te meer ook die MENS wat agter hierdie take staan.

In die eerste aflewering van hierdie reeks, gaan klop ons aan by 'n briljante atleet.

Mnr Elroy Gelant, 'n assistent by Mensekapitaal: Kliëntediens in die Institusionele Kantoer, kan sirkels om jou hardloop sonder om moeg te word.

Elroy hardloop vir die Traumeel NWU-Pukke-span en het onlangs die vinnigste 10 000 m en 5 000 m-tyd in baie jare in Suid-Afrika gehardloop. Hy het goud vir beide items tydens die Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-) atletiek-byeenkoms in Durban gewen.

Die 10 000 m het hy in 'n tyd van 27:41,30 kagfedraf – slegs 1,30 sekondes onder die kwalifiserende vereiste vir die Wêreldkampioenskappe. Wat hierdie prestasie nog meer besonders maak, is die feit dat dit maar die derde 10 000 m tot op hede was waaraan hy deelgeneem het.

Elroy het die 5 000 m in 'n tyd van 13:16,22 gehardloop en hou sover die vinnigste tyd in Suid-Afrika en die wêreld vir 2013. Hierdie tyd maak hom nou die tweedevinnigste Suid-Afrikaner in die 5 000 m.

Dit is net 2,06 sekondes stadiger as Shadrack Hoff se Suid-Afrikaanse rekord van 13:14,16, wat al 13 jaar in die rekordboek stof vergader.

Met hierdie prestasie is een van sy grootste drome binne bereik – om te kwalifiseer vir die Wêreldkampioenskappe wat in Augustus 2013 in Moskou, Rusland sal plaasvind.

“Ek het nou voorlopig gekwalifiseer vir die Wêreldkampioenskappe met 'n B-kwalifiserende tyd in beide die 5 000 m en 10 000 m. Ek moet nou 'n A-kwalifiserende tyd hardloop van 13:15,00 en 27:40,00 onderskeidelik om definitief die span te haal,” verduidelik Elroy.

Hierbenewens het hy ook vir beide items vir die Wêreld-studentespele in Kazan gekwalifiseer.

“Die 5 000 m is my gunsteling. Ek wou bitter graag daarin vir Moskou kwalifiseer, en is in die wolke hieroor,” sê Elroy.

Hy is tans Suid-Afrika se landlooptkampioen (senior mans 12 km) en die Suid-Afrikaanse 10 km padkampioen en hou ook die Suid-Afrikaanse 3 000 m-binnenshuise rekord van 7:48,64.

Hy het vroeër geskiedenis gemaak nadat hy die 3 000 m tydens 'n uitnodigingsbyeenkoms in Potchefstroom in 'n wêreldklastyd van 7:47,50 afgeblits het. Hy het dus nie net die vinnigste tyd ter wêreld vanjaar aangeteken nie, maar

het ook gesorg vir die vinnigste binnelandse tyd ooit in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse atletiek. Hierbenewens het hy ook twintigste gekom by die Wêreld-landlooptkampioenskappe wat in Maart vanjaar in Poland plaasgevind het, die derdebeste posisie ooit gehardloop deur 'n Suid-Afrikaner.

Die hardlooptgogga het Elroy vroeg-vroeg gebyt, en hy neem sedert sy kinderdae al aan landloopt deel. “Ek het my eerste nasionale medalje by die Nasionale Skolekampioenskappe in Witbank gewen toe ek derde gekom het,” sê Elroy.

Nou hoekom is hardloopt dan vir hom so lekker? “Om te hardloopt laat my goed voel as mens – fiks en gesond. Dit is my passie – so kan ek my God-gegewe gawe ten volle uitleef,” sê hy.

Wat hou die toekoms vir Elroy in? Volgens hom is dit sy droom om sy land te verteenwoordig by die 2016 Olimpiese Spele in Brasilië en om 'n rolmodel vir kinders daar buite te wees. “Ek wil graag vir hulle wys dat as jy volhard en in jouself glo, enige iets moontlik is.”

Dit is duidelik dat hierdie jong man iemand is om dop te hou – dit is nou natuurlik as hy lank genoeg stilstaan!

*As jy weet van 'n kollega wat iets besonders of interessant in sy of haar lewe buite die universiteit verrig, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za.



Suid-Afrikaanse landlooptkampioen 2012: Elroy steek die wenstreep oor as die kampioen tydens die Suid-Afrikaanse landlooptkampioenskappe wat verlede jaar in Amanzimtoti plaasgevind het.

Mense wat myle stap

Die seisoene is besig om te draai en die werkspas neem toe, maar steeds is dit verblywend om te sien hoe baie van ons NWU-personeel kans sien om meer te gee en te doen as wat van hulle verwag word. Ons gee graag weer erkenning aan al die NWU-kollegas wat die tweede myl stap.

Me Susana Jooste, 'n lektor in die Skool vir Opvoedkundestudies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, neem graag haar kans waar om drie mense uit te sonder vir die uitstekende werk wat hulle doen. Eerstens nomineer sy graag vir **dr Herman van Vuuren**, waarnemende Direkteur: Oop-afstandsleer, vir sy besondere leierskapstyl. "Sy optrede getuig altyd van sy begrip en omgee vir ander mense."

Susana sonder ook graag vir **me Hettie Sieberhagen**, 'n lektor by die Skool vir Opvoedkundestudies uit vir die myle wat sy stap. "Hettie skroom nie om iemand te help nie, en haar ondersteuning en leiding maak 'n groot verskil," sê sy.

Laastens nomineer Susana ook graag vir **mnr Michael Laubscher**, 'n lektor in die Skool vir Geesteswetenskappe vir Onderwys. "Michael se wysheid en aanmoediging om altyd beter te doen en hoër hoogtes te bereik, is inspirerend."

Nog iemand wat uitstaan vir die uitstekende diens wat hy lewer, is **mnr Koos Degenaar**, direkteur van die departement Bemarking en Kommunikasie op die Mafikengkampus. Volgens mnr Albert Janse van Rensburg, 'n senior interne ouditeur by Interne Oudit in die Institusionele Kantoor, is Koos se passie en toegewydheid bewonderenswaardig. "Koos is werklik betrokke by elke funksie in sy departement, en skroom nie om self uit te help as daar te min hande is nie. Sy harde werk met die Mafikengkampus se Facebookbladsy is alles die moeite werd – dit skep 'n baie goeie beeld van die kampus en die nuusbrokkies is positief, opbouend en hou almal op datum met wat gebeur. Doen so voort, Koos!"

Die Finansiële Administrasie-span in die Institusionele Kantoor nomineer graag vir **me Danika Alberts**, 'n administratiewe assistent by die Navorsingsfokusarea: Onderrigleer Organisasies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus. "Ons wil graag dankie sê vir Danika se noukeurige werk," sê me Annelize Kruger wat die nominasie namens die departement gestuur het. Al haar aansoeke vir betalings en dokumentasie vir die terugdiening van voorskotte is altyd volledig en agtermekaar. Dankie Danika, jy maak ons werk soveel makliker."

KAREN VISSER




PROF NEHEMIA MAVETERA



DANIEL MOTSOENENG



DR RYNO VERSTER



Dr Ryno Verster, 'n senior lektor by die Sentrum vir Dieregesondheidstudies op die Mafikengkampus, is nog 'n kollega wat voorwaar meer gee en doen as wat van hom verwag word. So sê Dr Mulunda Mwanza, Departementshoof: Dieregesondheid in die Skool vir Landbouwetenskappe op dié kampus. "Dr Ryno is altyd bereid om te help, maak nie saak waar sy hulp benodig word nie. Hy reageer altyd dadelik as iemand iets nodig het en sal selfs sy eie hulpbronne gebruik om te verseker dat sy kliënte en studente geholpe raak," sê dr Mulunda.

Me Petro Wessels, Bestuurder: Salarisse by Mensekapitaal in die Institusionele Kantoor, wil graag vir **mnr Daniel Motsoeneng**, die tuinier van Servest wat help om die tuine rondom die Institusionele Kantoor netjies te hou, dankie sê. "Ek weet Daniel is per se nie 'n NWU-personeellid nie, maar hy dra verseker by tot die positiewe beeld van die NWU. Hy is altyd vriendelik, noukeurig in sy werk en skroom nie om uit sy pad uit te gaan om ander te help nie. So was die geval ook toe hy die gesteelde beursie van 'n personeellid op die Potchefstroomkampus opgetel het en ingehandig het. Dankie Daniel, jy het iemand se dag gemaak en Servest kan trots wees om 'n werknemer soos jy in hul diens te hê!"

Prof Nehemia Mavetera en **me Karen Visser**, beide van die Skool vir Ekonomie en Besluitnemingswetenskappe in die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus, verdien volgens me Chipo Mavetera, 'n lektor in dieselfde skool, 'n pluimpie. Sy nomineer graag vir prof Nehemia, die skoordirekteur, en vir Karin, 'n lektor, vir hul uitstekende leierskapsvaardighede. "Hulle lei deur self die voorbeeld te stel en kom altyd op vir hul kollegas en skool in alle akademiese en administratiewe aangeleenthede," sê Chipo.

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za. Onthou asseblief om jou en die persoon wat jy nomineer se posities en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

DR HERMAN VAN VUUREN



HETTIE SIEBERHAGEN



MICHAEL LAUBSCHER



KOOS DEGENAAR



DANIKA ALBERTS



En die **wenners** is....

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Mafikengkampus:

Me Tshenolo Selima, senior administratiewe assistent, Toe-latingskantoor



Potchefstroomkampus:

Dr Rianda Joubert, senior lektor: Farmasiepraktyk, Skool vir Farmasie



Potchefstroomkampus:

Me Maggie Parkin, senior administratiewe assistent, Akademiese Administrasie



Vaaldriehoekkampus:

Me Marina Moller, lektor, Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

6. Aan wie is die Nuusmaker van die Jaar 2012-toekenning opgedra?
7. Waar of vals: Die NWU is tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat 'n volle Quali-vennoot is.
8. Noem een taboe wat 'n mens nie tydens 'n onderhoud met die media moet sê nie.
9. Wat is volgens dr Theuns Eloff die verskil tussen leierskap en bestuur?
10. Noem een van die toekennings wat PUKfm gewen het?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!

Regskenners ruil gedagtes uit

Regsadviseurs van verskeie Suid-Afrikaanse hoërsonderwysinstellings het op 15 Maart vanjaar by die NWU se Institusionele Kantoor byeengekom vir die Forum van Regspraktisyns se halfjaarlikse vergadering.

Die forum is 'n nasionale vereniging wat 'n paar jaar gelede deur regsadviseurs van Suid-Afrikaanse universiteite tot stand gebring is om gemeenskaplike sake te bespreek en met mekaar saam te werk.

Tydens die byeenkoms by die NWU het oudregter Louis Harms, voorheen ook adjunk-president van die Hoogste Hof van Appèl, en mnr Fola Adeleke, 'n direkteur van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, toesprake gelever.


Oudregter Louis het oor Intellektuele Eiensdomsreg gepraat en Fola oor die Wet op die Beskerming van Persoonlike inligting – onderwerpe wat ook vir universiteite van besondere belang is.



Teenwoordig tydens die Forum van Regspraktisyns se vergadering by die NWU is agter van links mnr Fola Adeleke, Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, prof Ig Vorster, senior regsadviseur, Regsdienste, en mnr Frans Kruger, Direkteur: Regsdienste. Voor van links is me Irene Harms, 'n alumnus van die NWU se Fakulteit Regte, oudregter Louis Harms en prof Tom Coetzee, voorsitter van die NWU se dissiplinêre komitees vir studente- en personeelsake.

"Sedert die forum se totstandkoming, waar- toe die NWU se Institusionele Regsdienste 'n konstruktiewe bydrae gelever het, het dit duidelik geword dat die forum die poten-

siaal het om 'n belangrike rolspeler in die hoërsonderwyssektor te word," sê Prof Ig Vorster, senior regsadviseur van Institusionele Regsdienste.



Prof Frikkie van Niekerk, Adjunk-Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie het rede om so in sy skik te lyk, want die grafiek hierbo wys hoe fluks navorsingsuitsette die afgelope jare by die NWU en sy voorgangers gegroei het. Lees gerus op p 4 en 5 meer hieroor.



Mnr Daniel Monyamane,
'n assistent by die Vaaldriehoek-
kampus-biblioteek, deel graag
die volgende aanhaling van mnr
HM Mthombeni, die voormalige
direkteur van die Vrystaatse
Departement van Onderwys,
met ons:

'ONS LEWE IN 'N WÊRELD WAAR BEELDE EN IDEES DUISENDE MYLE IN 'N PAAR SEKONDES KAN BEWEEG.'

"Hierdie aanhaling is deel van mnr Mthombeni se toespraak wat hy gemaak het in 1998 tydens Ipatleleng Laerskool se afsheidsfunksie. Vir my beteken dit dat opvoeding nooit eindig nie – elke minuut van ons lewens is 'n geleentheid om meer te leer, en dit is ook ons verantwoordelikheid om by te hou by die veranderende omgewing. Hierdie aanhaling spoor my aan om myself te verbeter en nooit op te hou leer nie."

Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT